## DIE KERK EN CHRISTENDOM IN AFRIKA: 'N INLEIDENDE OORSIG

In hierdie fase van Afrika se geskiedenis is sy konfrontasie met die kerk van Christus en die koninkryk van die hemele uiters aktueel. Dit is só in historiese sin, omdat die nie-Christelike volke van hierdie kontinent deur hulle aanraking van die 19e eeu af met die Weste as toentertydse draer van die Christendom tot aktiewe deelname in die wêreldgeskiedenis en tot groter self- en wêreldbewustheid gebring is. Dit is ook die geval vanweë die groot ideologiese botsings onder die wêreldmagte. Maar dit is nog meer só in prinsipiële sin, deurdat elke volk geplaas word voor die allesbeslissende keuse: „Wie dink julle is die Christus?" (Matth. 22 : 42). Deur sy kontak met die Weste het die vraag tot Afrika gekom. Deur die betrokkenheid by die huidige wêreldgebeure het die beantwoording daarvan so dringend aktueel geword.

Daarmee word nie beweer dat die Christendom vir Afrika 'n totale nuwigheid is nie. Abraham moes vanweë die hongersnood in Kanaän „aftrek na Egipte om daar as vreemdeling te vertoef" (Gen. 12 : 10). Dit was die eerste van 'n aantal geleenthede waarop hierdie noordpunt van Afrika as beskermingsgebied vir die Christendom sou optree. Dit word die kweekplek vir die volk van Israel; daarheen vlug Josef en Maria met Jesus teen die vervolgsug van Herodes. Uit die Libiese stad Cirene het Simon gekom wat Jesus se kruis help dra het. Uit Egipte en Libië was gelowiges aanwesig by die uitstorting van die Heilige Gees. Filippus moes die oë van die hofdienaar uit Ethiopië open vir wat hy besig was om te lees uit die boek van die profeet Jesaja. Dawid se profesie: „Edeles sal uit Egipte kom, Kus sal haastig sy hande uitsteek na God" (Ps. 68 : 32) het hier reeds in vervulling begin gaan.

So is Afrika van vroeg af reeds betrokke by die geskiedenis van die Ou- en Nieu-Testamentiese Christendom — waarskynlik selfs by sy hedendaagse problematiek soos toe Miriam en Aäron teen Moses in opstand kom oor sy Kusitiese vrou. Soos in Klein-Asië en Europa kom die jong kerk ook in Afrika tot bloei en lewer o.a. die bekende kerkvader Augustinus. Uit die ander sentrum van die Noord-Afrikaanse Christendom, nl. Alexandrië het ook Athanasius en die ketterfiguur Arius gekom. Om verskeie redes, waarop later gelet sal word, het die

kerk in Noord-Afrika grootliks verstar tot die monofisietiese Koptiese Kerk van Egipte en Ethiopië, en is dit verder verdring deur die Islam.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die Christendom in Afrika tot aan die einde van ongeveer die 7e eeu ten nouste verbonde was met die dele van Afrika aangrensend aan Asië en Europa. Na die weste en die suide van die kontinent het dit nie deurgedring nie. Tydelik sou historiese en geografiese faktore te sterk obstruksies vorm.

Soos Wes-Europa deur die toedoen en geleenthede van die Romeinse ryk die draer van die Christendom na Noord-Afrika was gedurende die eerste eeue van die Christelike jaartelling, sou hy dit weer word deur die groot ontdekkingsreise van die 15e eeu af. Eers was dit die Portugese seevaarders wat al langs die Afrikakuste die Rooms-Katolisisme saam met hulle kruise probeer plant het. Later sou hulle uit die Noorde hierin gesteun word deur die Franse kolonisasie van Noord- en Ekwatoriaal-Afrika.

Die Engelse en Nederlanders was die brengers van die Protestantisme. Van Riebeeck se koms moet o.a. gesien word teen die agtergrond van die kerklike toestande in die Nederlande van die 17e eeu. Hy land hier nie lank na die Sinode van Dordrecht nie en sy gebed — hoewel 'n amptelike — dra daarvan die spore. In elk geval sou hy daarmee 'n ander kerklike en godsdienstige tradisie begin as wat die Engelse koloniste in Afrika sou inbring. Eg. Gereformeerde rigting word versterk deur die koms van Franse Hugenote. Van die verre Suidpunt van Afrika af word die sterkste en suiwerste Calvinistiese Christendom dus aan Afrika toevertrou.

Dit is miskien ter sake om hier te verwys na die feit dat, hoewel Van Riebeeck se gebed uitdrukking gegee het aan die sendinggedagte, daar in die praktyk minder van tereg gekom het as in die Roomse nedersettings in Afrika en elders. Maar juis hierom het dit moontlik ook suiwerder gebly in leer en lewe.

Dit was eintlik eers die Sendinggenootskappe uit Europa wat die protestantisme grootskaals in Afrika ingedra het. Die Morawiese Broeders begin heel vroeg aan die Kaap; later volg die omstrede Londense Sendinggenootskap en nog later die verskillende, meesal hoog gewaardeerde, Lutherse sendingaksies. En nog later volg aksies uit die V.S.A.

Sonder om afbreuk te wil doen aan die ywer en toewyding

van die ander, word hier veral aandag gegee aan die Engelse sending, vanweë die inslag daarvan op die politieke ontwikkelinge in Afrika. As Read, Van der Kemp en Philips in Suid-Afrika tipiese figure van die Britse benadering van die kerk se sendingtaak was, dan was Livingstone dit nog meer met betrekking tot die hele Afrika.

Livingstone was eerlik ontroer deur die ellende wat die heidendom in Afrika gewerk het: towery, siekte, onkunde. Daarby moet die uitwerking van sy ervaring met betrekking tot die slawehandel — waarby Christennasies betrokke was *saam* met Arabiere en inheemse volke — nie vergeet word nie. Die prediking van die Evangelie het hy as onontbeerlike redmiddel gesien: maar daarmee saam ook die beskawende invloed van handel en arbeid en die ordenende krag van die staatsgesag. Die handel moes die Bybel volg of vergesel, en die vlag desnoods albei om hulle te beskerm. Christelike dogma en nasionale ideologie het mekaar vergesel. Die resultaat was al te veel dat die vlag van die kerk misbruik is om ander ladings te dek. Nogtans kan dit nie ontken word nie dat die politieke invloede en wedywer van Europese volke met gevolglike kolonisasie die weg vir die kerk en die Christendom oop- en gelykgemaak het. Of die regte gebruik hiervan gemaak is en of dit sonder nadelige gevolge gebly het, is 'n ander vraag.

Dit wil voorkom asof die Tweede Wêreldoorlog en die humanisties-utopiese oplewing daarna, 'n stimulerende uitwerking op die Christelike sending gehad het. Ewe opmerklik is die oorheersende invloede uit die V.S.A. in hierdie verband. Terselfdertyd het die groot eenwordingsbewegings ook op kerklike gebied op die voorgrond getree o.a. in die Wêreldraad van Kerke en sy bemoeienis met die toestande in hierdie kontinent. In baie opsigte verblydend is ook die feit dat die stem van die jong kerke, die vrug van die kerkplanting in Afrika, nou naas die stemme uit eksterne oorde gehoor word.

Kwantitatief besien moet met dankbaarheid kennis geneem word van die toename van die aantal kerke (denominasies en gemeentes), van sendingaksies (gemeet aan die aantal sendingposte, sendelinge en bedrae geld) en van die aantal aanhangers van die Christendom. Die Bybel is reeds in ongeveer die helfte van die Afrikatale beskikbaar. Daar moet derhalwe vordering gekonstateer word nieteenstaande die weerstand van die inheemse heidendom en die teenkanting van

die Islam (en sy aanwas). En nieteenstaande die magte van die moderne ongeloof waaronder die militante kommunisme nie die enigste maar ook nie die mins gevaarlike is nie. Ook nieteenstaande die separatistiese, sinkretistiese en Messiaans-profetiese bewegings en ander vervalsings.

Selfs by sommige met oop oë vir hierdie tekens van 'n groeiende Christendom in Afrika ontstaan soms die vraag na die kwalitatiewe aspekte. Veral die chaos wat veelal gepaard gaan met die politieke ontvoogding van die nuwere Afrikavolke en -state, die barbarisme wat dit in weerstandsbewegings voorafgaan en in rebellemagte navolg, het baie die vraag openlik laat stel: Het die Christendom in Afrika nie gefaal nie? Is die sending per slot van sake die moeite werd?

Hierop sou allerlei antwoorde gegee kan word. Het die Christendom dan nie ook gefaal in die Westerse wêreld met sy vernietigende oorloë nie? En per slot van sake: dit gaan nie om faal of slaag nie. Dit gaan immers om 'n bevel: die Woord *moet* gepredik, en die Evangelie *moet* verkondig word. Die saaier moet saai: God beskik die hardgetrapte pad en die voëls, die rotse en die verstikkende dorings sowel as die goeie grond en die wasdom.

Natuurlik laat dit die saaier nie sonder verantwoordelikheid nie. Die grond moet voorberei word. Hy moet die saad uitstrooi. Die saad mag nie verswak en besoedel word nie. Dit is nie net die vyand wat onkruidsaad in die nag saai of saboterend die onkruidsaad met die goeie saad meng nie. Daar is ook die vervalsing deur die *saaier:* die vervalsing van die Godswoord met die mensewoord, die waarheid met die leuen. Satan is nie net bedrywig aan die kant van die vyand nie.

Die huidige omstandighede, gunstig en ongunstig, dwing derhalwe steeds tot ernstige besinning. Die skuld vir die gebrekkige voortgang van die Evangelie en die vervalste, oppervlakkige aanvaarding van die Christendom kan toegeskryf word aan die taaie teenstand van die kant van die animistiese heidense geloof met sy sterk magiese elemente. Die Islam met sy Allah-verering en belydenis dat Mohammed dié groot profeet is, bo Jesus Christus, met sy heilige oorlog, sy akkommodasie en sinkretisme, sy gebrek aan bekeringseise, is 'n oorsaak van die stadige vordering van die Christendom. Mense soos Sundkler lê die skuld vir die afkeer vir die ware Christendom en die toevlug tot die kwasi-Christelike (wat prinsipieel

on-Christelik is) separatisme op die leer van die apartheid, die sogenaamde Calvinistiese dogma van: Vir blankes alleen. Ook die kolonialisme word veroordeel as obstruksie: die politieke onderdrukking sou in die kerk 'n aktiewe en magtige bondgenoot gehad het.

Dit behoort duidelik te wees dat in elk van die beskuldigings 'n element van waarheid behels word. Die veroorsaking is in elk geval te kompleks om net in een daarvan gesoek te word. Trouens, daar sou nog meer aangewys kon word. Reformerend bestaan dit die kerke om te besin en die hand ook maar in eie boesem te steek. Dit is bv. bekend dat blankedom en Christendom of die Westerse beskawing en die kerk as identies beskou word. Hierdie fout word deur die brengers sowel as die ontvangers begaan. Al te veel bestaan die mite, des te onverskoonbaarder by die beterwetende blankes/westerlinge, dat alle blankes Christene is; meer nog nl. dat die Westerse beskawing 'n soort monopolie op die Christendom het. Onbegryplik is dit vir die inboorlinge dat die blankes soveel verskillende geloofsopvattinge kan hê. Daarom die vraag: waarom so 'n verwarrende veelheid van kerke en gelowe?

Die doel van die reeks referate oor die Seminaar se tema vir die akademiese jaar 1965 sal dan wees om uit die grondslag en belydenisstandpunt van hierdie Universiteit die grond oop te krap om 'n aantal van die genoemde aspekte, ten einde sodoende 'n beeld te probeer konstrueer van die kerk en Christendom in die nuwe Afrika. Dit is bv. bekend dat die Christelike sending ernstig te worstel het met die animistiese religieë. Kan 'n beeld verkry word van die mag waarteenoor die Christendom hier staan, in omvang sowel as in aard, van die vordering en teenslae, van die problematiek, van verkeerde benadering en optrede, van remmende erfenisse, moontlikhede en uitdaginge?

Wat van die animisme gesê is, geld ook die Islam. Wat eg. vir die sentrale en suidelike dele van Afrika is, is laasgenoemde vir Noord-Afrika, behalwe dat dit ook nog 'n skakel en reserwemag in Asië besit. Prof. Ben Marais bestempel Islam met sy 80—90 miljoen volgelinge as die belangrikste struikelblok op die weg van die Christendom in Afrika. Kan dit andersyds in sy kommunisme-werende krag deur die kerk as bondgenoot aanvaar word?

By voorgenoemde tradisionele en ingeburgerde religieë alleen, kan die kerk vandag nie meer sy aandag in Afrika

beperk nie. Die ontwakende Afrika stuur sy kinders in groot getalle na die skole en universiteite op ander kontinente. Die kerk het nie meer deur sy sending die monopolie op onderwys en die geestesvorming van die jeug en die geletterde elite van Afrika nie. Hulle dra nuwe erfenisse in die kontinent in. Daaronder is 'n aansienlike dosis humanisme en liberalisme, scientisme en gnostisisme. Die geleerde „African" het genoeg aan geletterdheid en beskawing, sonder om behoefte te laat aan 'n Christelike belydenis. Hierdie neiging word versterk deur en is dikwels die voorportaal vir die meer militante en ateïstiese Marxisme. Stuur jou seun na Moskou en hy kom terug as 'n antikommunis. Stuur hom na die Sorbonne en hy keer terug as 'n kommunis. Hierdie woorde van pres. Houphouët-Boigny van die Ivoorkus het 'n ontstellende inhoud. 'n „Umwerting aller Werte" vind plaas. Daaruit spruit Nkrumah se parodie op die Bybelwoord: „soek eers die koninkryk van die politiek". Ook hierdie aspekte moet oopgedek en geanaliseer en in perspektief gestel word.

Soos uit Nkrumah se stelling afgelei kan word, het die Christendom nie geïsoleerd gebly van die volkerelewe in Afrika nie. Watter rol speel Christene in die politieke omwenteling en die opbou van die nuwe Afrika? Oor die plek, verantwoordelikheid en houding van die Christen in en teenoor die bevrydingsbewegings word daar pertinente vrae gestel. Wat is presies die plek van die Christendeel van die bevolkings in die veranderende lewe van hulle onderskeie volke en lande? Is Christendom en nasionalisme versoenbaar? Watter konkrete bydrae het die Christendom te lewer in die opbou van die nuwe gemeenskappe? Wat moet na die Sondagse preek, katkisasie en Sondagskool in die orige ses dae deur die Christendom *gedoen* word? Janheinz Jahn voorsien die evolusie van 'n „Neo-African culture". Indien dit verwesenlik, watter bydrae het die Christendom hiervoor te lewer?

Ons behoef ook analise en waardering van die jonger kerke in Afrika as vrug van die sending uit Europa en die V.S.A., met aanduiding van spesifieke probleme. Tot dusver is die meeste aandag aan die separatistiese bewegings gegee. Daar is vraagstukke van verhouding tot ouere en „sendende" kerke; teologiese opleiding en bediening; onderlinge verhouding bo die lands- en nasionale grense heen; verhouding tot volk en regering; middele; verdeeldheid en eenheid; separatisme en sinkretisme. Daar sal seker ook getrag moet word om 'n rigting-

gewende antwoord te verstrek op wat die Gereformeerde uit Suid-Afrika se houding en standpunt teenoor hierdie worstelende kerke moet wees en wat uit die kerk en die Christelike samelewing, deur die besondere ampte en die amp van gelowige, *gedoen* kan en moet word. Moet hulle in hulle gebreke alleen verwerp word as kommunisties-beheerd en deur Satan vervals? Of is daar 'n roeping en moontlikheid om met hulle 'n gesprek te open en indien wel, hoe en onder welke voorwaardes? Hoe moet 'n stem laat hoor word teen die misbruik van die Christendom vir politieke doel en gewin? Hoe kan in Suid-Afrika 'n Mindolo-stigting, maar op suiwere Skrifbeginsels, tot stand gebring word in 'n poging om aan die ontluikende Bantoestate *betyds* 'n kern van Christelike burgers/esse, amptenare en instellinge te gee?

Totius het in „Die Trek van Boerewaens" dit digterlikprofeties gestel. Nóg „die karavaan kamele" met

„die Oostersfyne skatte
en handelswaar (hoe skoon!)"

nòg die „lopers
wat swaar die laste dra"

van „spoelgoud uit die strome,
die sierhout uit die bome,
ivoor en edelsteen"

sou dié môrestrale vir Afrika bring. Die „nagverdrywer" sou die volk wees met „die heil'ge Boek as Leider". In sy visioen was daardie volk voor wie Afrika sou oopgaan, „die Boer van Afrika". Op hierdie tydstip is dit seker gepas en noodsaaklik om ernstig na te gaan hoe dit met die invloed van die „Boer" met die „Boek" in die vorming van Afrika se karakter en bestemming staan.

J. H. Coetzee.

24 Maart 1965.